

Sondag 12 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-11

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:7

In Christus se gimnasium

As Paulus aan sy jong kollega skryf, word hy deur die Gees gelei om uit sy hart met Timoteus te praat:

“Jy doen nie maar net ’n werk vir jousef of vir ’n baas nie. Jy is ’n bediende vir die Here. Jy moet goeie kos in die huisgesin van die Here bedien. Om ’n goeie bediende te wees, moet jyself ook daardie kos gebruik. Dit sal jou sterk maak.

“’n Atleet kan dalk die beste dieet op aarde volg, maar as hy nie oefen nie, help dit niks. Timoteus, jy is ’n atleet vir Christus. Die beste wat jy kan doen vir die gemeente is om in Christus te leef. Dit is jou daaglikse oefening. Dit is jou lewenslange oefening om jousef gedurig weer in Christus te vind.

“Ja, dit is belangrik om jousef te vra: Wat maak ek met die Woord? Maar daar is ’n be-langriker en meer basiese vraag: Wat maak die Woord met my?”

Natuurlik is hierdie woorde nie net vir predikante bedoel nie. Elke lid van Jesus se huis-gesin het die voorreg om Hom te bedien.

Die beste wat jy vir die mense wat vir jou kosbaar is, kan doen, is om ’n geofende vol-geling van Jesus te wees. Om Geesvervuld te wees, te groei in die geloof sodat sy Genadewoord die duidelike letters op jou as sy lewende brief word.

Sing: Psalm 65-1:3

Ds. Dirk van’t Zand (Witpoortjie)